



Graad 12-leerder van 2023

Hierdie boek is vir jou voorberei.

Jy het jou finale studiejaar op skool bereik. Wat jy hierdie jaar doen, sal 'n impak hê op die res van jou lewe. Hóé jy aan die einde van die jaar slaag, sal 'n invloed hê op jou toekomsvooruitsigte aan 'n universiteit, jou loopbaan en jou algemene lewensgehalte.

Daarom moet jy nie in Graad 12 jou studie tot die einde van die jaar uitstel nie. Jy moet regdeur die jaar ten minste twee tot drie uur per dag werk.

In hierdie boekie gee ons vir jou belangrike wenke vir sukses.

Die boek bevat wenke oor hoe om te studeer en hoe om eksamen te skryf.

Dit bevat inspirerende stories van suksesvolle Graad 12-leerders.

Dit lys die inhoud wat in elke vak bestudeer moet word om jou te help om jou studieprogram vir die jaar te beplan.

Gebruik hierdie boek tesame met jou handboek en vorige eksamenvraestelle om vir die eindeksamen voor te berei.

Die WKOD wens jou voorspoed en sukses toe met jou finale jaar op skool.

2022 NSS-kandidate se reaksies op die Graad 12 Wenke vir Sukses boek

Hieronder is sommige van die kommentaar van vorige NSS-kandidate wat die Graad 12 Wenke vir Sukses waardevol gevind het:

- > "Dit wys hoe toegewyd ek moet wees en die werkklading wat ek bereid moet wees om te leer."
- > "Dit is 'n goeie motiveerder."
- > "Dit laat my spesiaal voel omdat dit uiteindelik tot my deurgedring het dat ek in matriek is en aan my toekoms werk."
- > "Ons as matrieks is vaagweg bewus van goeie studiemetodes of tydsbestuur en hierdie boekie dek alle aspekte vir sukses in graad 12."
- > "Ek het nou 'n beter idee van hoe om vir die eksamen te studeer, 'n manier wat die werk nie so baie laat lyk nie."
- > "Dit laat my spesiaal voel omdat ek besef mense gee werklik om vir ons as matrikulante."



Aan alle WKOD Graad 12 NSS-kandidate

Beste Graad 12-leerder

Die gr.12-klas van 2023 is 'n spesiale groep leerders wat 'n stormagtige begin van die VOO-fase ervaar het. In 2020 in graad 9 en ook in 2021, in graad 10, het jy twee ontwrigtende jare van skool gehad wat deur die Covid-19 pandemie veroorsaak is. Jy het egter veerkragtigheid en toewyding getoon. 2023 is 'n baie belangrike jaar vir jou aangesien dit die einde van jou skoolloopbaan beteken. Die toewyding waarmee jy vanjaar jou studies aanpak, sal jou in staat stel om 'n roete in jou naskoolse onderwys te volg wat die res van jou lewe sal bepaal. Daarom wens ek jou van harte geluk dat jy jou graad 12-jaar bereik het.

Hierdie is jou laaste jaar van formele skoolopleiding en die finale eksamen vir die Nasionale Senior Sertifikaat is uiters belangrik. Ons raai jou aan om regdeur die jaar gefokus te bly en toegewyd te werk, aangesien die gehalte-slaag in die NSS-eksamen die gehalte van jou en jou familie se lewe in die toekoms gaan beïnvloed. Jou sukses hang grootliks af van jou gereelde skoolbywoning, die optimale gebruik van tyd deur jou studieprogram te beplan en die gebruik van verskillende bronne om deeglik vir die eindeksamen voor te berei. Aanvaar dus volle verantwoordelikheid vir jou eie leer en ontwikkeling.

Die WKOD het hierdie "Wenke vir Sukses"-boekie voorberei om jou te help om vir die NSS-eksamen voor te berei. Waardevolle inligting oor al die vakke word verskaf. Die inhoud van die vakke sal jou lei en help om tred te hou met die onderwerpe wat afgehandel is. Dit sal jou ook help om jou studieroooster op te stel. Werk sistematies deur die vakinhoud, gebruik die grafiese organiseerders, maak notas en geheuekaarte en gebruik jou handboeke en studiegids.

Tot dusver het jy baie min ondervinding van die skryf van eksamens. Dit is belangrik dat jy deur vorige eksamenvraestelle werk. Hierdie vraestelle sal jou 'n goeie idee gee van die soort vrae wat jy in die eindeksamen kan verwag. Neem die tyd in berekening wanneer jy die vrae beantwoord, want dit sal jou help om jou tyd in eksamentoestande te bestuur.

Jy moet in staat wees om die kennis en vaardighede wat jy in jou Graad 12-jaar en die voorafgaande jare verwerf het, toe te pas. Ek wil jou aanraai om die "Wenke vir Sukses"-boekie regdeur die jaar ten volle te benut. Vra jou onderwysers, vriende en familielede vir hulp, indien nodig. Jy kan ook die WKOD se ePortaal en webtuistes wat agterin hierdie boekie verskyn, besoek. Ek wil jou ernstig versoek om vir die webtuiste van die Telematiese Skoolprogram te registreer. Daar sal jy lesse en 'n hersieningsprogram vind wat deur senior en ervare amptenare en vakspecialiste aangebied word. Die WKOD se ePortaal en Telematiese webtuiste is nul-gegradwer - jy betaal geen datakoste nie.

Onthou dat sukses binne bereik is. Glo in jouself, dink positief en werk hard. Jou Graad 12-jaar is 'n belangrike jaar. Maak die beste daarvan en geniet jou laaste skooljaar. Alles hang van jou af; jou toekoms is in jou hande. Jy kan die verskil maak! Volg 'n gesonde diet, oefen gereeld en moenie huier om hulp te soek indien jy oorweldig of depressief voel nie. Moenie moed verloor nie. Wees altyd positief. Ek wens jou alles van die beste toe met jou Graad 12-jaar en jou voorbereiding vir die 2023-eindeksamen.

Ek weet dat jy die Wes-Kaap goed in die eindeksamen sal verteenwoordig.

Die uwe

DON HARIPERSAD
DIREKTEUR VOO KURRIKULUM
Datum: 25 Januarie 2023

Inhoudsopgawe

10 dinge om te doen om sukses in die Graad 12-eksamen te behaal	i
My 5 wenke vir sukses	1
Stap 1: Tydsbestuur	1
Stap 2: Hoe om te studeer	1
Voorbeeld Grafiese Organiseerders	3
Top Tien woorde wat in toetsvrae gebruik word	5
Woordeskat/ Terminologie wat in eksamenvrae gebruik word	6
Stap 3: Doeltreffende eksamenskriftegnieke	9
5 Selfdoenstappe van 'n Selfgerigte Studieplan	10
Voorbeeld van 'n studierooster	12
Matriek 2023 Blanco studierooster wat jy kan afdruk	13
Leestegnieke	15
Laat jou droom bewaarheid word	15
Beurse en Lenings	19
Inhoud / Konseplyste per vak	22
Afrikaans Huistaal	22
Afrikaans Eerste Addisionele Taal	23
Afrikaans Tweede Addisionele Taal	24
Besigheidstudies	25
Dansstudies	26
Dramatiese Kunste	27
Ekonomie	28
Elektriese Tegnologie	29
English First Additional Language	30
English Home Language	31
Fisiese Wetenskappe	32
Gasvryheidstudies	33
Geografie	34
Geskiedenis	35
Ingenieursgrafika en -ontwerp	36
Inligtingstegnologie	37
IsiXhosa	38
Landboubestuurspraktyke	39
Landboutegnologie	40
Landbouwetenskappe	41
Lewensoriëntering	42
Lewenswetenskappe	43
Meganiese Tegnologie	44
Musiek	45
Ontwerp	46
Rekenaartoepassingstegnologie	47
Rekeningkunde	48
Religiestudies	49
Sesotho en Setswana	50
Siviele Tegnologie	51
Tegniese Wetenskappe	53
Tegniese Wiskunde	54
Toerisme	55
Verbruikerstudies	56
Visuele Kunste	57
Wiskunde	58
Wiskundige Geletterdheid	59
E-Leerondersteuning	60

Bevorderingsvereistes

Om vir 'n Nasionale Senior Sertifikaat te kwalifiseer moet alle leerders 7 nasionaal goedgekeurde vakke aanbied en die skoolgebaseerde assessering vir elke vak voltooi.

SEWE VAKKE	
4 VERPLIGTE VAKKE	MINIMUM SLAAGVEREISTES
2 Tale (een op Huistaalvlak en die ander óf op Huistaal- óf op Eerste Addisionele Taalvlak)	Moet Huistaal met ten minste 40% slaag.
Wiskunde/ Tegniese Wiskunde (slegs vir skole met Tegniese vakrigtings)	Moet twee ander vakke met ten minste 40% slaag.
OF	Moet drie ander vakke met ten minste 30% slaag.
Wiskundige Geletterdheid	Geen gemiddelde punt of % word vir bevorderingsdoeleindes gebruik nie.
Lewensoriëntering	
3 KEUSEVAKKE	
Enige 3 ander goedgekeurde NSS-vakke 'n Kandidaat mag nie beide die volgende vakke neem nie: <ul style="list-style-type: none"> • Verbruikerstudies én Gasvryheidstudies 	



Moenie na die minimum strewen nie.

Probeer om die hoogste moontlike punt in al jou vakke te behaal.

Om 'n Baccalaureus-slaag te verwerf, moet jy die volgende behaal:

- (a) 50% of meer in vier vakke
- (b) 40% in Huistaal
- (c) 30% in die taal van onderrig en leer (TVOL)
- (d) 30% in die oorblywende vakke

* Let wel: Fakulteitsvereistes by hoër onderwysinstellings is steeds geldig.



Oor Assessering en Eksamens

Skoolgebaseerde Assesseringstake (SGA) en praktiese assesseringstake (PATe)

- Die skoolgebaseerde assesseringstake en PATe berei jou voor vir die eindeksamen. Dit is belangrik dat jy 'n goeie punt vir jou skoolgebaseerde assessering (SGA) behaal.
- Voltooi al jou SGA-take nougeset. Maak seker dat jy al jou take op die geskeduleerde datums inlewer. Dit sal jou 'n goeie kans bied om te slaag en goed te vaar. Onthou, as jy nie al jou PATe of SGA-take inlewer nie, sal jy 'n kode '444' ontvang wat "onvoltooid" beteken. Jy sal nie saam met jou maats matrikuleer nie.
- Die PAT is baie belangrik. Deur goeie punte vir jou PAT te behaal, het jy alreeds punte vir jou finale eksamen in Graad 12 verdien. Doen moeite met elke fase van die PAT. Maak seker dat jou implementeringsplan realisties en deeglik beplan is.

10 Dinge om te doen om sukses in die Graad 12-eksamen te behaal

- 1 Die **konsepmatriekrooster** is beskikbaar. Bestudeer dit en begin nou beplan. Daar word soms twee eksamens op een dag geskryf en jy sal dus superskerp en wakker moet wees. **Maak seker dat jy die finale rooster nagaan mits daar enige veranderinge is.**
- 2 Daar is minder as 300 dae oor voor die begin van die finale eksamen. Dit sluit alle naweke en vakansies in. Begin vandag en werk elke dag. Stel teikens vir prestasie.
- 3 Moenie **een skooldag** tussen nou en die eksamen misloop nie. Bly gesond en wakker. Luister na jou onderwysers. Hulle het dit al vantevore gedoen en sal jou help om sukses te behaal.
- 4 **Lees** is 'n noodsaaklike vaardigheid wat jou lewe sal verander. Lees elke dag minstens 1000 woorde. Lees akkuraat en vinnig.
- 5 **Skryf** is mag, maar dit moet geoefen word. Ons word almal elke dag op grond van ons skryfwerk beoordeel – ons kan skrif gebruik om te inspireer, beïndruk, oorreed, geluk te wens en liefde uit te druk. Skryf elke dag ten minste 400 woorde – op versigtige, akkurate en pragtige wyse.
- 6 **Handboeke** is noodsaaklike studentegidse. Het jy 'n handboek vir elke vak? Maak seker dat jy een het en dat jy stelselmatig deur jou handboeke werk. Moenie vir jou onderwyser wag om alles te verduidelik nie. Kyk na wat jy in die jaar moet dek en beplan daarvolgens.
- 7 Jou Liggaamsmassa-indeks (**LMI**) kan jou in matriek help. Jou LMI is 'n aanduiding van hoe gesond jy is. Bereken jou LMI en oefen en eet dwarsdeur die jaar gesond om 'n optimale LMI te handhaaf.
- 8 Akademiese werk vereis **konsentrasie en fokus**. Jy moet elke dag besig wees met intensiewe, gefokusde, individuele akademiese werk. Skakel iPod's, musieksentrums, die TV en die selfoon af en geniet elke dag 'n intensiewe en lonende akademiese oefening. Ontwikkel jou breinselle en al jou vriende sal jou beny.
- 9 'n Goeie atmosfeer is bevorderlik vir sukses. Omring jouself met positiewe, gelukkige mense wat wil hê dat jy sukses moet behaal. Jou gesin en vriende se steun sal in die komende 300 dae van groot belang wees. Wees dankbaar vir hulle ondersteuning.
- 10 Matrieksukses vereis **beplanning en harde werk**. Begin vandag beplan en werk. Woon die skool elke dag by. Doen elke dag jou tuiswerk. Lees elke dag. Skryf en reken elke dag. Hou by jou jaarplan.

Hoeveel van bogenoemde dinge doen jy?

1-2:	Kry dringend hulp.
3-4:	Begin vandag beplan.
5-6:	Jy is op pad. Versterk jou pogings.
7-8:	Jy is goed georganiseer en amper gereed vir sukses.
9-10:	Jy vaar goed. Help iemand anders om georganiseer te word vir sukses.

Wil jy sukses behaal?

Hier is beproefde wenke vir sukses

- In Graad 12 het jy 'n baie vol program. Jy moet dus deurlopend werk en nie take tot die laaste oomblik uitstel nie.
- Let aandagtig op in die klas om seker te maak dat jy die werk verstaan.
- Neem jou handboek elke dag klas toe en maak dit oop by die onderwerp wat behandel word. Leer jou handboek goed ken. Lees die betrokke gedeeltes wat in die klas behandel is daardie middag of aand deur.
- Doen elke dag al jou tuiswerk.
- Werk netjies en akkuraat.
- Vra jou onderwyser of 'n klasmaat indien jy onseker is of twyfel.
- Woon enige ekstra onderrig wat aan jou gebied word, by.
- Begin lank voor die tyd om vir die eksamen te studeer.
- Stel 'n studierooster op en hou van Dag 1 af daarby.
- Werk stelselmatig deur jou handboek.
- Verfyn jou eksamentegniek; wanneer jy hersien, kies vroeë wat jou swakker areas sal verbeter.
- Leer om skriftelike vrae te beplan en dit duidelik en sistematies te beantwoord.
- Leer hard vir toetse en interne eksamens, asof jy jou vir die eindeksamen voorberei.
- Gebruik vorige eksamenvraestelle vir hersiening. Werk deur die vorige jaar se vraestelle asook deur die voorbeeldvraestelle wat opgestel is om jou met jou eksamen voorbereiding te help. Dit sal jou 'n goeie aanduiding gee van die soort vrae wat jy in die eindeksamen kan verwag.
- Eksamenvraestelle en voorgestelde antwoorde van vorige jare is beskikbaar by die volgende webtuiste: <http://wced.school.za/documents/Matric/matric-n/index.html>
- Vra jou onderwysers en klasmaats om die vrae en antwoorde saam met jou uit te werk.

Wenke vir Sukses

Hierdie boek is daarop gemik om aan jou inligting te verskaf oor hoe om jou hersiening te beplan, hoe om te studeer, hoe om te onthou wat jy geleer het en hoe om suksesvol eksamen te skryf.

Jou **eerste stap** na sukses is TYDSBESTUUR deur behoorlike beplanning. Jy moet jou aktiwiteite so reël dat tyd ingeruim word vir studeer, take, sport of stokperdjies en vir jou familie en vriende.

In hierdie boek sal jy 'n blanko rooster vind wat jy vir die beplanning van jou studietyd kan gebruik. Maak seker dat jy genoeg studietyd aan elke vak toeken, met 'n bietjie ekstra tyd vir vakke waarmee jy sukkel.

TYDSBESTUUR = BEPLANNING = SUKSES

In die tweede helfte van hierdie boekie sal jy die inhoud en wenke vir sukses vind vir die vakke wat jy bestudeer. Gebruik die inligting vir jou sewe of meer vakke om jou studierooster op te stel.

Jou **tweede stap** is om te besin oor HOE OM TE STUDEER. In hierdie boekie is daar wenke oor hoe om inligting te kies en te onthou, hoe om goeie notas te maak en hoe om te studeer.

Die **derde stap** is om jouself voor te berei om DOELTREFFEND EKSAMEN TE SKRYF.


NEEM BEHEER VAN JOU LEWE EN JOU TOEKOMS!

BEGIN BEPLAN.

STAP 1 TYDSBESTUUR

Beplan om daagliks te studeer en begin vandag:

- Stel 'n spesiale studieskedule op.
- 50-minute studieblokke met 10 minute onderbrekings werk goed.
- Kies vaste studietye vir elke dag (met inbegrip van 'n tydgleuf vir naweke).
- Gebruik die Junie-Julie skoolvakansie nuttig.
- Studeer ten minste 3 uur per dag gedurende die vakansie.
- Studievaardighede en -strategieë word slegs studiegewoontes indien dit gereeld beoefen word.
- Breek onderwerpe op in maklik-hanteerbare gedeeltes. Beraam hoeveel tyd benodig word en verdubbel dit dan!



STAP 2 HOE OM TE STUDEER


- Besluit wanneer jy die beste werk, bv. vroeg in die oggend, in die middag of saans.
- Waar werk jy graag? Tuis? Biblioteek? Skool? Gemeenskapsentrum?
- Waar kan jy ongestoord werk?

»» Rig 'n plek in vir jou studies – tafel, stoel, ruim werkspasie, goeie beligting.

- Werk jy goed saam met ander? Het jy 'n vriend wat jou studiemaat kan wees?
- Hoe onthou jy inligting die beste? Sien? Hoor? Deur aksie? Mense het verskillende voorkeurleerstyle, maar gebruik almal.




MY 5 EIENSKAPPE VIR SUKSES



Maak jou studies aktief deur studiemetodes soos neerskryf, teken, opsom en rympies te gebruik of deur jou studiemaat te leer.

- Konsentreer ten volle en moenie jou gedagtes toelaat om te dwaal nie. Dit is iets wat met oefening verbeter.
- Moenie alles in die laaste minuut probeer baasraak nie.
- Gebruik grafiese organiseerders om notas te maak.



Berei jou in jou denke voor vir studie (OPVES)

- Gebruik **Ontspanningstegnieke** om jou gedagtes te kalm.
- **Prioritiseer** doelwitte vir elke studieblok.
- **Visualiseer** jouself as in staat om ten volle te konsentreer.
- **Emosionele woorde** vir sukses, inspanning, entoesiasme, energie, ywer
- Gebruik **Selfmotivering** vir 'n positiewe gesindheid.



Memoriseerbeginsels

- **Wees selektief** wanneer jy studeer. Kies **betekenisvolle** inligting. Jy kan nie alles in besonderhede leer nie. Maak jou eie notas en fokus op wat die belangrikste is.
- **Maak assosiasies** tussen nuwe inligting en dit wat jy alreeds weet.
- **Visualiseer.** Probeer om stories of rolprente in jou gedagtes te skep.
- **Resiteer.** Gebruik jou eie woorde om die inligting aan 'n vriend / familielid te probeer verduidelik. Gaan terug en kontroleer vir akkuraatheid en addisionele besonderhede.

AANGAANDE MEMORISERING

Memoriseervaardighede kan aangeleer word.

Daar is baie verskillende vaardighede wat jy kan aanleer om jou te help om gegewens te onthou. Hier is 'n paar voorbeelde:


- Breinkaarte
- Spotprente, prente, etikette
- Rympies – gebruik woorde wat rym om jou te help om belangrike feite te onthou.
- Woordassosiasie, sleutelwoorde, flitskaarte
- Skep van akronieme: bv. RYKE staan vir rus, ys, kompressie en elevasie (Wat jou te doen staan wanneer iemand 'n enkel verstuit het.)
- Groepeer of organiseer – organiseer die gegewens in logiese kombinasies



How to Memorize Fast & Easily
<https://goo.gl/zrq0mv>

Voorbeeld Grafiese Organiseerders


DEFINISIE VAN KONSEP



KWLS

K (Wat ek weet)	W (Wat ek wil weet)	L (Wat ek geleer het)	S (Wat ek nog wil leer)

Voorbeeld Grafiese Organiseerders



Leerinskrywing

- Leerders maak 'n 4-kolom tabel in hul boeke.
- Terwyl hulle lees, hou hulle rekord van wat hulle dink asook van nuwe woordeskat.
- Wat hulle wil weet, is 'n geleentheid vir hulle om vrae te stel en dit gee leerders ook 'n idee van wat hersien moet word..

Bladsy	Wat ek verstaan	Nuwe woordeskat	Wat ek wil weet

Aangepas uit: Reiss, J. 2012. *120 Content Strategies for English Language Learners*. Boston, MA: Allyn and Bacon.

Top Tien woorde wat in Toetsvrae gebruik word

ANALISEER/ ONTLEED	<ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik hoe elke deel funksioneer of by die geheel inpas. • Verbeel jou jy is 'n speurder wat die materiaal in dele opbreek. • Skryf die opvallende sowel as die minder opvallende eienskappe of betekenis neer.
BESKRYF	<ul style="list-style-type: none"> • Gee 'n duidelike prentjie van 'n persoon, plek, voorwerp of 'n idee. • Die leser moet uit dit wat hy/sy lees in sy verbeelding 'n prent of 'n flik kan sien en dit in woorde kan neerskryf.
DEMONSTREER	<ul style="list-style-type: none"> • Gee 'n stap-vir-stap prosedure van hoe om iets te doen/ maak. • Noem in 'n stelling waaroor die instruksies handel. • Beskryf wat nodig is en hoeveel benodig word. • Verduidelik elke stap in besonderhede. • Gebruik 'n kolpuntlys of 'n paragraaf.
KONTRASTEER	<ul style="list-style-type: none"> • Gee eienskappe wat nie dieselfde is nie. • Hoe verskil mense, gebeure of voorwerpe? • Verskaf voorbeelde om te verduidelik hoe dit verskil.
MAAK AFLEIDINGS	<ul style="list-style-type: none"> • Lees tussen die reëls – die antwoord is nie in die leesstuk nie. • 'n Mens maak afleidings uit die inligting of leidrade wat die skrywer verskaf.
OORREED (ARGUMENTEER OORTUIG)	<ul style="list-style-type: none"> • Stel 'n standpunt! • Neem standpunt in en verdedig een kant van 'n saak. Verskaf feite, statistiek, oortuigings, opinies en jou persoonlike siening. • Maak seker dat jou siening duidelik is. • Sit jou opinie logies uiteen. • Gebruik feite, waarnemings, vergelykings of data om jou siening te ondersteun.
SOM OP	<ul style="list-style-type: none"> • Som dit op! • Gee die betekenis in so min woorde as moontlik. • Maak sinteses en gee die belangrikste feite in 'n sin of kort paragraaf weer
VERGELYK	<ul style="list-style-type: none"> • Gee gemeenskaplike eienskappe om aan te toon hoe sake dieselfde of soortgelyk is. • Hoe is mense, gebeure of voorwerpe dieselfde? • Verskaf voorbeelde om te verduidelik hoe dit dieselfde is.
VERDUIDELIK	<ul style="list-style-type: none"> • Gee duidelike beskrywings van 'n gebeurtenis, voorwerp of 'n idee. • Dink aan die vyf W's (Wie, Wat, Wanneer, Waar, Waarom) en die H (Hoe).
VERTOLK	<ul style="list-style-type: none"> • Skryf jou eie begrip van 'n teksgedeelte neer. • Vra jouself af "Wat beteken _____?" • Verskaf 'n siening vanuit jou eie ervaring en die inligting • waarom jy beskik.

Vertaal en aangepas uit: <http://www.scholastic.com/teachers/article/top-10-terms-students-need-know-be-successfulstandardized-tests>

WCED FET Literacy Across the Curriculum 2014 Geskryf & Aangebied deur Judi Kurgan: Literacy and Learning

Woordeskat/ Terminologie wat in eksamenvrae gebruik word

gee rekenskap van	<ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik die proses of rede waarom iets is soos dit is.
ontleed	<ul style="list-style-type: none"> • Skenk aandag aan besonderhede. • Verduidelik hoe elke deel by die geheel inpas.
beredeneer	<ul style="list-style-type: none"> • Gee jou persoonlike standpunt - feite, oortuigings, opinies
bereken	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik Wiskunde om jou antwoord te bepaal
vergelyk	<ul style="list-style-type: none"> • Gee gemeenskaplike eienskappe/ kenmerke – hoe is mense, gebeure, konsepte of voorwerpe dieselfde
lewer kommentaar	<ul style="list-style-type: none"> • Bespreek, bespreek krities of verduidelik
bespiegel	<ul style="list-style-type: none"> • Raai, beraam, lei af
kontrasteer	<ul style="list-style-type: none"> • Gee eienskappe of kenmerke oor hoe mense, gebeure, konsepte of voorwerpe verskil.
lei af	<ul style="list-style-type: none"> • Maak gevolgtrekkings
definieer	<ul style="list-style-type: none"> • Gee die betekenis in jou eie woorde
demonstreer	<ul style="list-style-type: none"> • Skryf neer hoe om iets stap-vir-stap te doen.
beskryf	<ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik sodat die leser die voorwerp, konsep of gebeure kan visualiseer/ verstaan. • Gebruik byvoeglike naamwoorde om grootte, vorm, eienskappe, kleur en gebruik aan te dui.
bespreek	<ul style="list-style-type: none"> • Skryf/praat asof jy jou kennis met iemand anders deel. • Gebruik besonderhede en voorbeelde om die onderwerp te verduidelik.
effek/uitwerking	<ul style="list-style-type: none"> • bv. Watter effek het _____?
verduidelik	<ul style="list-style-type: none"> • Maak iets duidelik en eenvoudig om te jou interpretasie en begrip te wys. • Gee eenvoudige beskrywings op grond van wat jy weet. • Beskryf deur redes te verskaf
onttrek	<ul style="list-style-type: none"> • Kies relevante besonderhede
faktore	<ul style="list-style-type: none"> • Gee redes, kenmerke, oorsake, invloede
gee 'n rede	<ul style="list-style-type: none"> • Gee voorbeelde om te verduidelik waarom iets is soos dit is.
hipotese	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Suggestie om feite of waarnemings te verduidelik • Gee definisies/ kenmerke van 'n persoon, plek, gebeurtenis of voorwerp. • Beskryf vorm, grootte, kleur en ander onderskeidende kenmerke.
dui aan	<ul style="list-style-type: none"> • Wys, maak iets bekend
interpreteer/ vertolk	<ul style="list-style-type: none"> • Gee jou mening oor die inligting op grond van jou ervaring en die inligting wat jy in die teks kry.
motiveer	<ul style="list-style-type: none"> • Gee bewyse om jou standpunt te ondersteun.
lys/ maak 'n lys	<ul style="list-style-type: none"> • Skryf elke item wat op die onderwerp van toepassing is, neer.
motiveer (jou antwoord)	<ul style="list-style-type: none"> • Gee redes en verduidelik jou antwoord. • Gee voorbeelde, redes en 'n verduideliking
raamwerk	<ul style="list-style-type: none"> • Organiseer belangrike data/ inligting op 'n logiese manier • Gebruik getalle of letters om inligting in volgorde te rangskik.
plot	<ul style="list-style-type: none"> • Organiseer jou idees en skryf dit op papier neer. • Gebruik 'n raamwerk, grafika, prent, kaart of 'n matriks.
voorspel	<ul style="list-style-type: none"> • Maak, op grond van die beskikbare inligting, 'n voorspelling van wat die uitkoms sal wees.
bewys	<ul style="list-style-type: none"> • Gee bewyse of feite wat verduidelik waarom 'n standpunt waar is.
skets	<ul style="list-style-type: none"> • Teken 'n rowwe skets, plan of prent om iets te verduidelik of te wys.
verklaar/ noem	<ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik belangrike inligting. • Gee redes en voorbeelde indien nodig
som op	<ul style="list-style-type: none"> • Gee die betekenis in so min woorde as moontlik. • Hervertel die belangrikste feite en belangrike besonderhede in so min woorde as wat jy kan.
gaan na	<ul style="list-style-type: none"> • Plaas gebeure, ervarings of gedagtes in volgorde of in 'n tydlyn.

Aangepas en vertaal uit: Chapman, C. & King, R. 2003. Differentiated Instructional Strategies for Writing in the Content Areas. Thousand Oaks: CA: Corwin Press.

WCED FET Literacy Across the Curriculum 2014 Geskryf & Aangebied deur Judi Kurga

Geheuenk 1


Skenk aandag en luister goed in die klas.

- Maak seker jy verstaan die leerstof. Indien nie, vra die onderwyser.

Geheuenk 2

Maak nuttige aantekeninge.

- Om inligting in die langtermyngeheue te stoor, moet dit eers deur jou korttermyngeheue of werkende geheue gaan. In hierdie stadium word die geheue beperk deur die hoeveelheid inligting wat dit kan behou. Inligting wat jy in die klas kry, moet neergeskryf word, anders sal jy dit vergeet.
- Wanneer jy uit jou handboeke hersien, soek die belangrike inligting en skryf dit neer. Organiseer dit op 'n logiese manier. Verkort dit tot sleutel terme of 'n vorm wat maklik onthou kan word.



Geheuenk 3

Onthou die drie H's:

- **H**erhaal, **H**erhaal, **H**erhaal


Geheuenk 4

Gebruik geheuebrûe.

'n Geheuebrug is 'n metode om inligting te onthou deur die vorming van arbitrêre, maklik onthoubare assosiasies.

Voorbeelde:


- **H-He-Li-BeB-CNOF Ne-Na** (vir die eerste paar elemente volgens atoomgetalle gerangskik)
- **Roggbiv** of **Ry oor geel gras, bly in viool**
(Kleure van die reënboog in korrekte volgorde)



Geheuenk 5

Skep voorbeelde.

- 'n Baie effektiewe manier om jou eie begrip te toets is om voorbeelde te skep van verwante konsepte, situasies, verhoudings, gebeure of gevallestudies. Indien jy dit nie kan doen nie, verstaan jy moontlik nog nie hierdie aspek van die sillabus ten volle nie. Vra jou onderwyser / es om hulp.



Geheuenk 6

Gebruik visuele beelde.

- Visualisering van 'n konsep, situasie, verhouding of opeenvolging van gebeure kan 'n baie kragtige manier wees om te leer. Maak stories of fliëks op in jou gedagtes, of maak jou eie tekening, stokkiesfigure of strokiesprente.



Geheuenk 7

Maak assosiasies.

- Skep verbande tussen die nuwe inligting en iets wat aan jou bekend is.

Geheuewenk 8

Gebruik repetisiestrategieë.

- Oefen om inligting op te roep deur sleutelidees op te sê, vrae te voorspel, probleemoplossing te oefen en jouself te toets deur ou vraestelle deur te werk.

Toepassing van geheue

As jy eers inligting gememoriseer het, moet jy dit kan gebruik en nie slegs die inligting kan weergee nie. Jy moet die volgende doen:

- Ontleed die inligting
- Identifiseer presies wat die eksamenvraag eintlik vra
- Maak seker dat die inligting wat jy gee wel deur die vraag gevra is
- Pas die inligting in 'n konteks toe in sommige gevalle
- Ontwikkel 'n goed beredeneerde argument in sommige gevalle
- Bied inligting logies en samehangend aan

Geniet die uitdaging om jou kennis te laat toets en moenie paniekerig raak nie.

VERWYSINGS

Learning resources (Academic Support Centre, University of Alberta)

Smart study: a guide to skill yourself to be a better student (Edumedia, 2005)

Fleet, J, Goodchild, F, and Zajchowski, R, *Learning for success* (Harcourt Brace and Company, 1999)



13 Study Tips
<https://goo.gl/vPqDv5>



The 9 BEST Scientific Study Tips
<https://goo.gl/Bcx9f5>

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT MATRIEKKLAS VAN 2022

>>> Doen die regte ding! In die eksamenlokaal:

MOETS:	MOENIES:
<ul style="list-style-type: none">• Werk 'n studieprogram uit• Studeer hard• Maak goeie aantekeninge• Slaap genoeg• Hersien werk• Eet genoeg en gesond• Gaan jou rooster elke dag na• Bring elke dag jou toelatingsbrief na die eksamenlokaal toe• Bring al die nodige skryfbehoeftes (pen, potlood, uitveër, ekstra pen, nieprogrammeerbare sakrekenaar, liniaal, gespesialiseerde vaktoerusting waar vereis)• Daag vroeg by die eksamensentrum op (ten minste 40 minute voor die aanvang van die eksamen)• Luister na die instruksies van die prinsipaal, hoofopsiener en opsieners	<ul style="list-style-type: none">• Moenie dwelms of medikasie gebruik om jou wakker te hou nie• Moenie tot die aand voor die eksamen wag voor jy begin studeer nie• Moenie voor die eksamen probeer vasstel wat geëksamineer gaan word nie• Moenie notas, memorandums of enige ander materiaal bring wat gebruik kan word om jou 'n onbillike voordeel in die eksamenlokaal te gee nie• Moenie by 'n ander kandidaat afskryf nie• Moenie probeer om met 'n ander kandidaat te kommunikeer nie• Moet jou nie in die eksamen as iemand anders voordoen nie• Moenie op 'n onvanpaste manier in die eksamenlokaal optree nie• Moenie die instruksies van die hoofopsiener verontagsaam nie• Moenie jou skrif of enige antwoordblad uit die eksamenlokaal neem nie

Moenie jou selfoon in die eksamenlokaal neem nie!

AFSKRYWERY IS 'N ERNSTIGE OORTREDING!

Indien jy skuldig bevind word aan afskrywery, sal jou uitslag vir die vak ongeldig verklaar word. Jy sal ook verbied word om vir die volgende drie jaar NSS-eksamens af te lê.

3 DOELTREFFENDE EKSAMENSKRYFTEGNIKE

Eksamenskryfwenk 1

Daag vroeg op en wees gereed om te begin.

Eksamenskryfwenk 2


Lees en verstaan die instruksies.

- Maak seker dat jy die regte eksamen vraestel ontvang het.
- Lees die INSTRUKSIES aan die begin van die vraestel ALTYD baie noukeurig. Baie studente neem nie genoeg tyd om dit te doen nie en ontdek dan later dat hulle die verkeerde vrae beantwoord het. Moet jy net 'n sekere aantal vrae beantwoord of almal? Vra as iets nie vir jou duidelik is nie.

Eksamenskryfwenk 3

Kyk vooraf na die vraestel en ken die tyd wat nodig is aan elke deel toe.

- Kyk die hele eksamen vraestel deur voor jy begin skryf. Kyk hoeveel vrae daar is en hoeveel punte dit tel. Om die vrae te vluglees, sal help om jou geheue te aktiveer. Besluit watter vrae die maklikste sal wees om te doen en watter meer tyd sal neem. Identifiseer waar jy keuses het tussen vrae en **binne** vrae en besluit watter vrae om te beantwoord. Ken tyd toe vir die beantwoording van elke vraag. Laat ook tyd toe om jou antwoorde deur te gaan en korreksies aan te bring. As jy aan iets dink terwyl jy vooraf na die vraag kyk, skryf dit dadelik neer.



Eksamenskryfwenk 4

Pak elke vraag sistematies aan.

- Lees elke vraag noukeurig deur en onderstreep sleutelwoorde, veral die werkwoorde wat vir jou sê wat om te doen.
- Is dit 'n enkelvoudige of tweeledige vraag? Wat, volgens die vraag, moet jy doen?
- Identifiseer wat jy het en wat jy nodig het. Beplan hoe jy die vraag gaan beantwoord en maak 'n paar notas oor die stappe wat jy sal volg. Dit sal vir jou en vir die persoon wat die antwoordskrif nasien 'n idee gee oor hoe jy die vraag benader het. Dit sal jou ook help om jou foute te vind en te korrigeer.
- Party vrae kan van jou verlang om jou kennis **toe te pas**. Skryf jou antwoord neer in die formaat wat versoek is, bv. 'n opstel, 'n program, 'n oorsig, 'n onderhoud, 'n brief, 'n berekening.

Eksamenskryfwenk 5

Skryf iets vir elke vraag neer.

- As 'n definisie al is wat jy kan gee, doen dit gerus. Indien die tyd min word, beantwoord die vraag puntsgewys i.p.v.

in volsinne. Skryf enigiets neer wat jy weet wat met die vraag verband hou.

Eksamenskryfwenk 6

Sit jou antwoorde duidelik uiteen.

- Skryf leesbaar sodat die nasiener dit maklik kan lees. Laat spasies tussen vrae en begin altyd 'n nuwe **afdeling** op 'n skoon bladsy. Maak seker dat jou vrae korrek genommer is ooreenkomstig die nommering op die vraestel.

Eksamenskryfwenk 7

Indien jy voel dat jy nie in staat is om 'n sekere vraag te beantwoord nie, moenie paniekerig raak en toelaat dat angs jou eksamenprestasie affekteer nie.

- Vra jousef af "Wat moet ek **weet** om hierdie vraag te beantwoord?" en begin om wat in jou gedagtes is, neer te skryf. Vermoeg negatiewe selfmotivering – fokus op die taak in plaas van op jousef.

Eksamenskryfwenk 8

Lees oor en doen korreksies.

- Neem tyd om jou antwoorde deur te gaan. Moenie iets verander tensy jy seker is dat dit verkeerd is nie. Kontroleer wiskundige antwoorde deur truberekening te doen. Kyk na die proses wat jy gebruik het. Maak seker jy het alles geskryf waarvoor gevra is.

Eksamenskryfwenk 9

Bly tot aan die einde.

- Moenie die eksamenlokaal verlaat voor die tyd verstreke is nie. Partykeer neem dit 'n bietjie langer voor die inligting uit jou geheue tevoorskyn kom. Gebruik dus al die tyd wat aan jou toegeken word.



Onthou die volgende wanneer jy eksamen skryf:

- Let op die werkwoord aan die begin van elke vraag. Dit sal aandui hoe jy die vraag moet beantwoord.
- Lees die instruksies by vrae/ aktiwiteite om seker te maak jy verstaan wat gevra word.
- Skryf altyd netjies en leesbaar. Die **nasiener** van jou Graad 12 eksamenskrif moet jou handskrif kan lees.

WEES SPESIFIEK <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Skryf in een sin neer wat jy wil leer <input type="checkbox"/> Skryf dit in diepte neer <input type="checkbox"/> Verdeel dit in onderafdelings <input type="checkbox"/> Kies die eerste onderwerp waarop jy gaan fokus 	MEET WAT JY LEER <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Hoeveel uur per week? <input type="checkbox"/> Sal ek iets spesifieks kan bereik? 	MAAK DIT BEREIKBAAR <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Wat het ek nodig? <input type="checkbox"/> Tyd/ ruimte/ data/ internettoegang?
RAAK S.M.(h)A.R.T @RachelDobbs1 #SelfDirectedLearning	HOE RELEVANT IS DIT VIR JOU? <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Wat sal ek bereik as ek hierdie werk leer? 	STEL 'N TYDBEPERKING <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Wat sal ek teen die einde van dié week leer? <input type="checkbox"/> Binne 2 weke? <input type="checkbox"/> Binne 'n maand?

5 Selfdoenstappe van 'n Selfgerigte Studieplan

#1: Verstaan jou motivering

Begin met **waarom** jy regtig wil studeer. As jy jou eie motivering waarom jy wil studeer, verstaan, sal dit jou motiveer indien jy later wil tou opgooi.

#2: Wees duidelik en S.M.A.R.T. oor wat jy wil studeer

- **S** – Wees spesifiek
- **M** – Meet wat jy studeer
- **A** – Stel hAalbare doelwitte
- **R** – Maak jou studies relevant. Waarom moet ek dit studeer?
- **T** – Tel 'n tydbeperking: bepaal wanneer jy beoog om 'n deel van die werk klaar gestudeer te.

#3: Organiseer jou tyd en hou rekord van wat jy studeer

Deel van die lekkerte van selfgerigte of aanlyn studie is dat jy teen jou eie pas kan studeer. Maak 'n staande afspraak met jouself, byvoorbeeld: “Ek gaan Woensdag vir 1 uur onderwerp A, B of C studeer.”

#4: Maak 'n openbare verbintenis tot jou studie en kry 'n studiemaatjie

Dit is goed om jou in die openbaar tot jou studies te verbind: vertel ander mense wat jy beoog om te doen. Dit kan 'n vriend of 'n familielid wees. Vra hulle om om op te volg hoe jy studeer en om jou aan jou studiedoelwitte te herinner as jy dalk die pad byster raak. Jy kan hierdie stap uitbrei deur 'n studiemaatjie te kry – iemand wat saam met jou kan studeer. Julle kan gereeld vir mekaar vra hoe dit met die studies gaan, mekaar verantwoordbaar hou en deel wat julle besig om te studeer.

#5: Pas wat jy studeer het in lewensgetroue situasies toe

Kry 'n manier om jou studies prakties te maak. As dit wat jy studeer jou help om werklike probleme op te los, sal jy gemotiveerd bly en jy sal kans kry om jou nuwe vaardighede en kennis te toets.

<https://rachel.we-are-low-profile.com/blog/5-step-self-directed-learning-plan/>


Maak die regte keuses >>> vir 'n gesonde lewe!

As jy die regte keuses maak, sal jy goed lyk en goed voel. Om gesonde keuses te maak is ook belangrik vir die voorkoming van siektes.

Wenke vir 'n gesonde lewe

1. Jy is wat jy eet ... kyk na die inhoud van die "perfekte" ontwerpersbord

- Eet elke dag 'n verskeidenheid voedselsoorte om al die noodsaaklike voedingstowwe in te neem
- Maak jou bord kleurvol en korrelig! Vrugte en groente bied vitamien en minerale wat jou oë sal ophelder, jou vel gesond hou, jou hare laat blink en jou liggaam teen baie siektes sal beskerm.
- Voedsel wat proteïene bevat, maak jou spiere sterk. Eet vleis met min vet. Peulgewasse (lensies, ertjies, bone) is ook 'n goeie bron van kragtige proteïene!
- Styselagtige voedsel met baie vesel en graan sal jou langer versadig hou en help keer dat jy vet word!



2. Beperk "soms"-kosse ... jy sal goed lyk én goed voel

- "Soms"-kosse = gemorskos of lekkernye
- Hierdie kossoorte bevat dikwels baie vet, sout en/ of suiker. Dit kan tot oorgewig lei, jy sal traag wees en dit verhoog jou kans om leefstylsiektes te ontwikkel. Los dit dus maar vir spesiale geleenthede!
- Beveg vet! Eet minder vetterige, gebraaide en olierige kos.
- Skud die soutgewoonte af! Gebruik sout spaarsaam: wees op die uitkyk vir verborge sout in lekkernye (bv. aartappelskyfies) en souterige kos (bv. polonie, weense worsies en wegneemetes). Daar is genoeg sout in ons dieet; dit is dus nie nodig om sout aan tafel by te voeg nie.
- Tem jou soettand! Eet minder suiker en soetgoed (bv. soet gaskoel drank, lekkers, koek, oliebolle).
- Sit gesonde kos in jou kosblik of koop 'n gesonde toebroodjie eerder as gemorskos / wegneemetes wat propvol ongesonde vet, sout en suiker is.

3. Doen oefeninge om jou liggaam en verstand te stimuleer!

- Beweeg meer, wees aktief en eet gesond. Dit is die beste manier om te verhoed dat jy gewig optel en siektes ontwikkel.
- Ontspan saam met jou vriende en raak fiks! Gaan stap of sluit aan by die rugby-, sokker- of swemspan of beoefen jou gunsteling sportsoort!
- Skakel af ... Beperk skerm-tyd (bv. TV, die internet, rekenaarspeletjies, sosiale netwerke op jou foon) en kom aan die beweeg! Versterk liever jou sosiale lewe: dans meer, stap met jou vriende tot by die winkelsentrum of die park, ens.

4. Wees wys – moenie rook of dwelms gebruik nie!

- Moet nooit begin rook of dwelms gebruik nie – dit is verslawend en kan jou dood veroorsaak. Bly dus weg daarvan!
- Moenie ander mense se tweedehandse rook inasem nie. Dit is net so gevaarlik en stel jou in gevaar. Moedig jou vriende en gesinslede aan om op te hou – ter wille van jou gesondheid en hulle s'n!
- Indien jy rook of dwelms gebruik, vra hulp om op te hou.

5. Dink na oor wat jy drink!

- Raak ontslae van soet gaskoel drank wat jou vet maak; drink gereeld gesonde, vars water!
- Jy hoef glad nie alkohol te drink nie. Dit verhoog jou kans om siektes op te doen en om in ongelukke betrokke te raak. Dit kan jou in gevaarlike situasies laat beland.

Wat is 'n gesonde lewenstyl?

Gesonde lewenstyle handel oor die maak van keuses wat mense van alle ouderdomme kan help om beter lewensgehalte te geniet.

Gesonde lewenstyle begin met:

Die regte voedsel

- Eet 'n VERSKEIDENHEID kossoorte.
- Eet BAIE vars vrugte & groente, graan & bone
- Eet MIN vet, suiker en sout
- Drink BAIE water!

Daaglikse oefening

- Enige persoon van enige ouderdom kan baat vind!
- Beweeg energiek vir 30 minute per dag!
- Stap, dans, speel, spit in die tuin – enige aktiwiteit wat jy geniet!

Gesondheid

- Ondergaan gereelde gesondheidstoetse
- Bly weg van tabak en dwelms
- As jy 'n probleem het, vra jou gesondheidswerker of maatskaplike werker vir hulp.

Maak die gesonde keuse en geniet die lewe TEN VOLLE!!